

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen gelowiges se Kersfees en goddeloses se Krismis. Kersfees is die fees dat God ons sy Seun gegee het om sy reg en geregtigheid weer vir ons as sondaars te laat werk. Sy Seun se reg en geregtigheid is om vir ons die straf vir ons sondes te wees en ons in sy beloning vir sy liefde te laat leef. In hierdie reg en geregtigheid van die Christus is God in sy wet weer vir ons Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vrededors. Goddeloses vier Krismis: die fees waarin God die pateset word wat op sy reg en geregtigheid opgegee het en 'n menslike afgod geword het wat hulle die presente gee wat hulle begeer.

Skriflesing Jesaja 9: 1 – 6, Luk. 1: 67 – 75. Rom. 1: 17

Teks Jesaja 9: 6 “Vir die uitbreiding van heerskappy en vir vrede sonder einde, sal Hy op die troon van Dawid en oor sy koninkryk wees, om dit te vestig en te ondersteun deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd.”

Tema Christus is Here wat God se reg en geregtigheid laat werk

1. Kersfees is die vreugdefees oor die koms van die goeie Regeerder en sy goeie regering – oor Christus se regering oor sondaars. Christus het gekom om reg en geregtigheid weer te laat werk.

Wat dink u wil die meeste Suid-Afrikaners vir Kersfees hê? Seker die meeste wens vir hierdie Kersfees vir skoon drinkwater, skoon strate, heel strate, vir rioolpype wat werk, elektrisiteit wat werk, vir beskikbare kos, hospitale wat werk en 'n werksgeleentheid!

Hoe het die gemeenskap in sulke ellende verval dat hulle net vir die basiese goeie regeringsdienste moet wens terwyl daar eintlik geen hoop is dat die regering hierdie dienste ooit weer sal kan lewer nie?

Hulle het gedink dit is Krismis!

Dit is die groot ironie van die gemeenskap se ellende. Hulle het presies net hul toekomsverwagtings verloor deur Krismis te wou gehad het, deur dinge wat hulle begeer en gewens het: hulle wou plase hê, aanstellings in poste hê, geld hê, huise en vryheid hê. Deur al hierdie dinge te wou gehad het, en deur die regering gekry het, het hulle deur juis hierdie Krismis-geskenke in die ellende beland dat hulle nou op net die basiese wat 'n goeie regering moet gee, tevergeefs hoop.

Hulle het met die waan geleef – dit is Krismis! Hulle kry die Krismis geskenke wat hulle begeer en juis dit is hulle ellende!

Wie gee Krismis? Die regering en regeerders! Dit is die bron van die gemeenskap se ellende! Dit is die regeerders wat die alles waardeloos maak en al ons verhoudings disfunksioneel maak.

Hoe maak hulle alles waardeloos en disfunksioneel? Met Krismis! Met die waan dat hulle alles vir jou as presente gaan gee – 'n huis as present, 'n plaas as present,

gratis hospitale en dokters as 'n present, matriek as 'n present, universiteitsopleiding as 'n present, 'n werksaanstelling as 'n present, salarisse as presente en 'n pensioen as 'n present!

En hulle kan die gemeenskap laat glo dit is Krismis, want niemand in die gemeenskap soek na reg en geregtigheid nie, nie vir hulle self nie en ook nie vir ander nie. Die regeerders en onderdane soek en gee Krismis en Krismispresente omdat niemand reg en geregtigheid wil hê nie!

2. Wat is die beste ding wat met Kersfees kan gebeur?

Om 'n Regeerder te kry wat maak dat die regering werk soos die regering moet werk! Dit sal van Krismis Kersfees maak!

Luister nou weer na die Kersaankondiging in Jesaja 9: "Vir die uitbreiding van heerskappy en vir vrede sonder einde, sal Hy op die troon van Dawid en oor sy koninkryk wees, om dit te vestig en te ondersteun deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd."

'n Koning wat God se gesag en regering vestig en ondersteun deur reg en geregtigheid! Dit is wie die Christus wat gebore sou word, sal wees. Die koms van Christus en sy koninkryk is nie Krismis nie. Die Seun wat gebore sou word, kom maak 'n einde aan die bedeling waar mense God Krismis gee, mense gode maak wat hulle begeertes en wense vervul.

Christene vier Kersfees as die fees van God se herstelde gesag. Christus se koms as Koning gaan oor 'n koninkryk waar God se gesag weer werk soos dit moet – deur reg en geregtigheid.

Dit is die beste ding wat met Kersfees, die koms van die Messias kan gebeur: Hy sal 'n regering van God se reg en geregtigheid instel en dit 'n regering van God se reg en geregtigheid laat bly. Sy regering sal nooit 'n koninkryk wees wat vir mense gee wat hulle wens en begeer nie.

3. Dit is omdat die Messias God se reg en geregtigheid weer vestig en instand hou dat Hy aangeroep word as Wonderbare Raadgewer, Magtige Vors, Ewige Vader en Vredevors.

Hy laat God se reg en geregtigheid só geld, dat mense weer God se wet as wonderbare hoor en volg in hulle lewe!

Hy laat God se reg en geregtigheid só geld, dat mense die wet van die magtige God self wil gehoorsaam. Hulle wil doen wat Hy sê.

Hy laat God se reg en geregtigheid só geld, dat mense sekuriteit en veiligheid in God se wil vind as Ewige Vader. Sy wil en wet is hulle sekuriteit.

Hy laat God se reg en geregtigheid só geskied, dat mense soek na die orde, die stabiliteit en vrede van sy wil.

Deur hierdie nuwe regeringswyse van die Messias, die Christus, bevry Hy sy volk van die duisternis en onderdrukking van Krismis - om in ellende van die waan en waanbeelde te leef dat God en mense jou begeertes moet bevredig!

Hierdie ellende van die waan van God wat mense se begeertes bevredig word in Jesaja 9 vers 3 beskryf as die oorsaak wat mense slawe van mag en magtigheid maak: hulle soek in mag en magtigheid presente maar al wat mag en magtigheid bring is die waardeloosheid en disfunksionaliteit.

4. Hoekom moes God se gesag herstel kom word deur die koms van Christus? Het God sy gesag op 'n verkeerde manier uitgeoefen?

Was God 'n despoot, 'n tiran wat met sy Almagtigheid mense onderdruk en verniel het met dood, siektes, ongelukke, die hel en oordeel en daarom Homself meer mens vriendeliker en sagter moes kom maak het?

Was hy 'n pateet wat nie sy wil kon laat geld het nie, wie by mense geen respek, ontsag, en erkenning kon afdwing nie en daarom nou gekom het om vennootskappe met mense te sluit sodat mense Hom met as vennote in mag Hom weer 'n magtige God kan maak?

God was nog nooit vir mense 'n tiran of pateet nie. Wat verkeerd was met God se gesag was nie die wyse waarop God gesag uitgeoefen het nie, maar omdat mense nie sy gesag as sondaars kon aanvaar nie. Sondaars kan nie deur reg en geregtigheid regeer kan word nie! God se wet is reg en geregtigheid! Daarom is regering deur reg en geregtigheid 'n regering waarin God deur sy wet regeer.

En mense is sondaars!

Hulle kan nie en wil nie deur God se wet regeer word nie. Want regering deur God se wet beteken dat jy beloon word vir gehoorsaamheid en gestraf word vir ongehoorsaamheid. Om sondaar te wees beteken dat God jou nie vir gehoorsaamheid kan beloon nie, want jy leef nie gehoorsaam nie en jy moet gestraf word, want jy is ongehoorsaam.

Daarom skep God se reg en geregtigheid in mense vrees en haat vir God: vrees vir die straf van sy reg en haat vir die eise van sy geregtigheid. Mense wil nie só regeer word nie! Dit is mos presies net hoekom hulle Krismis soek – regeerders wat gee wat jy begeer, nie jou straf vir oortredings en beloon vir gehoorsaamheid nie.

5. Hoe kan die koms van Christus God se reg en geregtigheid weer vir sondaars laat werk en 'n regering tot stand bring wat werk deur reg en geregtigheid?

Vir mense wat reg en geregtigheid vrees?

Dit is krag van Christus se verlossing wat Sagaria, Johannes die Doper se pa, besing! Christus het gekom om ons te verlos uit die mag van hulle wat ons haat – want Hy maak ons weer mense wat in heiligheid en geregtigheid kan leef, die heiligheid en geregtigheid van God se wet.

Onbevrees! Onbevrees vir God se reg en geregtigheid kan ons God dien volgens sy wil!

Hoe kan Christus God se reg en geregtigheid vir sondaars laat werk?

Deur die regverdige te wees, wat God se straf op Hom neem en God se beloning vir sy geregtigheid vir ons te gee!

Só skep Christus God se nuwe regering van reg en geregtigheid!

Hy is die Seun wat vir ons gebore word en vir ons gegee word as die mens wat reg doen en reg liefhet volgens God se wet! Hy word vir ons gegee as offer vir ons sonde, as Lam van God sodat Hy die straf en oordeel van ons onreg en ongeregtigheid dra. Hy word vir ons gegee as Seun van gebore is wat heilig geleef het volgens God se wet en as onheilige gestraf is sodat ons sy heiligheid as beloning ontvang.

Deur ons op hierdie wyse te regeer, in te sluit in sy straf en in te sluit in sy beloning, regeer Christus ons deur reg en geregtigheid. Op hierdie wyse maak die Here dat reg en geregtigheid weer vir ons werk – ons aanvaar die straf van ons sonde deur te glo dat Christus vir ons sonde gestraf is en ons aanvaar die beloning vir gehoorsaamheid omdat ons vir Christus se gehoorsaamheid beloon word.

Daarom verklaar Paulus die regverdige sal deur geloof leef. Ons leef en en uit die geloof dat sondes gestraf word en gehoorsaamheid beloon word, omdat ons glo dit is wat Christus vir ons bewerk. Só word ons verbind tot en gelei in reg en geregtigheid sonder vrees omdat ons deur God reg en regverdig gemaak is in Christus.

6. Só, deur hierdie reg en geregtigheid dat Hy die straf dra om ons in die beloning van sy gehoorsaamheid te laat leef, maak Christus Homself weer wonderbare Raadsman!

Deur ons in te sluit in sy reg en geregtigheid wat Hy geleef het in ons plek en vir ons tel! Ingesluit in wie Hy vir ons is, hoor ons sy wet as 'n nuwe wet! 'n Wet waarvoor ons altyd reg en regverdig is. Daarom hoor ons nie meer in die wet straf, oordeel en vervloeking nie, maar die wysheid hoe om te lewe! Só is Christus ons wonderbare Raadsman.

Só maak Christus Homself weer magtige God! Omdat Hy ons en ons liefde vir God reg en regverdig maak, wil ons sommer net God gehoorsaam omdat Hy God is, en nie omdat ons wil hê God moet eers ons begeertes bevredig nie. Ons gehoorsaam God nou sommer net weer omdat Hy God is, magtige God.

Só maak Christus dat sy Vader ons ewige Vader is! Hy sluit ons in in sy lewe as mens wat reg en regverdig was, en daarom het sy Vader ons lief soos Hy sy Enigste Seun lief het. Ons kan God só nooit weer vrees vir wat Hy wil en eis nie, want ons eie onregte en ongeregtighede kan ons nooit weer van sy liefde as Vader skei nie. In sy liefde as Vader hoor ons nou weer sy wet as ons sekuriteit en veiligheid, nie as die bedreiging en onderdrukking van ons vryheid nie.

Só maak Christus Homself ons Vredevors! Omdat ons weet ons en ons liefde is altyd ten spyte van ons tekortkominge, ons verwrongenheid en onvermoëns vir God reg en regverdig in Christus, soek ons en laat ons ons bind deur die orde en stabiliteit van sy wet. Sy wet is ons vrede, nie meer die bron van ons vyandigheid teen God nie.

7. Dit is die seën van Kersfees! Aan ons word nie die presente wat ons begeer, gegee nie. Aan ons is 'n Seun gegee. Kersfees is om Christus as die Seun te ontvang wat God se reg en geregtigheid op só 'n manier laat werk, dat ons as sondaars weer aan God se reg en geregtigheid gebind kan wees.

As sondaars wat geregverdig is, hoor ons weer God in sy wet as ons Wonderbare Raadsman, gehoorsaam ons Hom sommer net omdat Hy die Almagtige God is, het ons ons Hom volgens sy wet lief omdat Hy ons Ewige Vader is en aanvaar ons sy wil en wet as die orde en stabiliteit van sy Vrede!

Kersfees is die koms van Christus wat God se reg en geregtigheid weer vir sondaars laat werk! Kersfees is nie Krismis nie! Krismis is die fees dat God nie meer 'n tiran, 'n despoot is nie, maar 'n pateet geword het!

Dit is hoe Kersfees deur afgodsdienste Krismis gemaak word. In Krismis is dit nie mense se sonde wat maak dat God se reg en geregtigheid nie meer werk nie. Goddeloses sien God se reg en geregtigheid as God se manier om anders, hoër en verheerlike bo mense te wil wees. Die probleem van God se reg en geregtigheid is vir goddeloses God self! Goddeloses wil nie deur God se reg en geregtigheid regeer word nie – en wanneer God sy reg en geregtigheid met straf en beloning handhaaf, dan sien en glo hulle God is 'n liefdelose despoot en tiran. Goddeloses sien God se Goddelikheid waarin hy reg en geregtigheid laat geskied as die rede hoekom God vir mense ontoeganklik en mensvreemd is.

Daarom is Krismis die goddelose fees dat God sy goddelikheid opgegee het om 'n meer menslike God te kom wees. Vir goddeloses is Jesus God wat sy goddelikheid gelos het om saam met ons mens met ons te wees. Krismis is die fees dat God sy reg en geregtigheid opgegee het om só vir goddeloses 'n regeerder te word - in Jesus is God een van ons! God begeer om saam met ons menslik te wees en ons begeer om saam met God goddelik te wees – een in mag en begeerte!

En daarom is Krismis die tyd waarin God ons begeertes en wense kom waarmaak!

Seker een van die beste voorbeelde van Krismis hierdie jaar was die plundering van Durban en Johannesburg!

Krismis is wanneer jy in elke winkel kan instap en alles wat jy begeer kan kry, verniet! Dit is hoekom elke plunderaar so geil en geil het van vreugde en opgewondenheid terwyl hulle deur winkelsentrum en sakeondernemings gestorm het – want dit is Krismis. Jy kan kry en vat net wat jou hart begeer!

Krismis want die regeerders is pateties en die regering afwesig. Krismis want nou vat jy wat hulle nog altyd gevat het en vir jou beloof het, maar nie sover gekom het om

vir jou die kans te gee om te vat wat jy begeer soos hulle begeer en gevat het met hulle mag nie.

Krismis want daar is geen regeerder wat reg en geregtigheid laat geskied nie, net regeerders wat vat wat hulle begeer en daarom kan jy ook begeer en vat!

8. Wat wil ons vir Kersfees by God hê?

Nog en weer presente by 'n God wat nie meer reg en geregtigheid laat geskied nie of sy Seun wat ons deur die reg en geregtigheid van sy kruisiging regeer?

Ons mag nooit verval in die duisternis van goddeloosheid wat net Krismis wil hê nie. Die duisternis dat ons soos goddeloses by God welvaart en geluk soek, huise, plase, poste, matriek, gratis studie – en juis deur hierdie welvaartsgodsdiens in die ellende verval dat hulle in 'n gemeenskap van wetteloosheid en ongeregtigheid wil leef! Hulle soek prente by 'n patetiese God wat nie meer deur reg en geregtigheid mag regeer nie, want hulle vrees sy straf en haat sy beloning van gehoorsaamheid! Hulle soek 'n patetiese afgod wat mens saam met ons in ons plundering van die wêreld moet wees!

Kan u Sagaria se Kersblydskap in sy loflied nou hoor?

God het ons verlos sodat ons gered uit die hand van ons vyande – God onbevrees kan dien omdat Hy ons heilig en regverdig maak deur Christus – die Seun wat vir ons gegee is. Christus word ons straf vir ons ongehoorsaamheid en ons word sy beloning vir sy gehoorsaamheid - reg en geregtigheid deur God in Christus!

Kersfees is die fees waar ek onbevrees die Here in sy wet vind as Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevors!

Hy regeer my deur my in sy reg en geregtigheid wat hy vir my bewerk, in te sluit en daarom hoor ek die wysheid van sy wet, kan ek Hom dien net omdat hy God is, lief hê volgens sy wet omdat Hy my Ewige Vader is en toewy aan sy wil omdat Hy vir my as sondaar 'n Vrede geskep het dat ek nooit deur Hom gestraf gaan word nie omdat Hy my straf was.

Vir ons is Kersfees die wonder dat God ons nou deur reg en geregtigheid regeer, die reg en geregtigheid wat Christus bewerk het, en ons God ken as Wonderbare Raadsman, Matige God, Ewige Vader en Vredevors.

Ons soek nie Krismis nie!

Ons soek nie 'n god wat opgegee het om deur reg en geregtigheid vir ons God te wees en saam met ons 'n menslike god geword het sodat ons alles in die wêreld wat ons begeer in sy naam kan vat en kry nie!

Ons wil bevry wees van hierdie plundergod en sy wetteloosheid waarin hy ons plundering bemagtig! Ons wil nie in die duisternis van hierdie plundergod wat geluk, voorspoed en welvaart beloof omdat hy nie deur reg en geregtigheid wil of kan regeer nie.

Ons wil Kersfees vier – die fees om God wat deur reg en geregtigheid regeer in en deur Christus, onbevrees te kan lief hê as Wonderbare Raadsman, Matige God, Ewige Vader en Vredevors.

Kom ons glo Christus is ons sonde en ons is sy heiligheid en geregtigheid – kom ons vier Kersfees en verwerp die Krismis van hierdie wêreld: happy, happy happy, ons vat presente omdat God opgegee het op reg en geregtigheid en saam met ons is in die plunder van die wêreld!